

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 207
(Augustus 1986)

Sing tot eer van die Here

* * * * *

"Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil
ek sy heilige Naam loof."

(Psalm 103:1)

Die Psalms — 'n Gawe van God

"Ek het die gewoonte om hierdie boek (die Psalms — PWB) 'n anatomie van alle dele van die siel te noem, omdat daar geen enkele aandoening in die mens is wat hier nie asof in 'n spieël weergegee word nie. Die Heilige Gees het self alle smarte, droefhede, vreesagtighede, vertwyfeling, verwagting, besorgdheid, verslaenheid en verwarde emosies hier lewensgetrou geteken."

So skryf Calvyn in die voorwoord van sy verklaring van die Psalms.

Dit is inderdaad wat die Psalms is: 'n Anatomie van die siel.

Al jou vreugde, al jou leed, al jou blydschap, al jou kommer vind in die Psalms 'n veel dieper weerklank as wat jyself dit kan belewe.

CHRISTUS EN DIE PSALMS

Agter Dawid en die ander Psalmdigters moet ons die gestalte van Jesus Christus sien.

Hy is die eintlike digter van die Psalms.

Deur sy Heilige Gees het Hy sy eie aardse lyde, dood en oorwinning profeties besing.

Hy is die Goeie Herder van Psalm 23.

Die aand voor sy kruisdood sing Hy met sy dissipels die lofsang (Matt 26:30). Dit is die lofpsalms 114-118. Dus, in die skaduwee van die dood sing Jesus Psalms.

Kan 'n mens nader aan Jesus kom as wanneer jy aan die nagmaalstafel dieselfde Psalm sing as waarmee Hy die feesmaal van sy lyde ingestel het:

"Om my was bande en strikke van die dood, en angste van die hel
het my laat bewe" (Ps. 116:2).

Die volgende dag aan die kruis het Jesus ná die drie uur duisternis geroep:

"My God, my God waarom het U My verlaat?" — die woorde van
Psalm 22:2.

Die laaste woorde van Jesus aan die kruis was uit Psalm 31:6:

"Vader in u hande gee Ek my gees oor" (Luk 23:46).

DIE HEMELVAART VAN DIE SIEL

Deur die eeue was die Psalms die krag van die gelowiges. Martelare het Psalm-singend die brandstapel tegemoet gegaan. By die huweliksfees, op die sterfbed, by die graf het gelowiges op die vleuels van die Psalms die hart tot God laat opstyg. Daarom kon Totius die sing van Psalms die hemelvaart van die siel noem. Hy sê:

"Wie die Psalms sing, gryp na die hoogste, want die doel is die grootmaking van God in Jesus Christus, ons Here, deur die Heilige Gees. Psalm-sing is die hemelvaart van die siel; dit is godsdienstlewe in die hoogste spanning; dit is die brug na die oneindigheid; dit is die durfdaad van die geloof; die arm wat uitgestrek gehou word bo die stormwaters van die lewe. Dit is die versinking in die watervalle van angs, maar ook die gejubel op die hoogtes en in die vertes van die verlossing".

Sing die Psalms met oorgawe.

Hulle is 'n gawe van God, 'n onoortreflike geloofskat wat ons uit die hart van ons Here Jesus, ons hoogste Profeet, deur die werking van die Heilige Gees ontvang het.

Prof. P. W. Buys.

Soos 'n boom by waterstrome

Ps. 1:3:

"Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie."

Kan 'n mens aan iemand se lewe sien of hy 'n kind van God is of nie?

Ja, inderdaad, jy kan.

'n Kind van die Here en 'n kind van die satan kan baie duidelik van mekaar onderskei word. Elkeen vertoon sy eie gestalte. Elkeen dra sy eie soort vrugte.

GESELSKAP

Die geselskap van 'n gelowige is heeltemal anders as dié van die ongelowige. Die gelowige sal jy nie in die geselskap van die sondaars en goddeloses en ligsinniges vind nie.

Hierdie mense bou hulle lewens op die leuen. Hulle is God vyandiggesind. Hulle steur hulle nie aan God nie. Die gelowige laat hom nie van hulle raad bedien nie.

DIE WOORD VAN GOD

Nee, die lig in sy lewenspad vind hy in die woord van God. Die Woord van God is die kompas wat in hom die koers van sy lewenspad aandui. En daarom vind hy sy hoogste vreugde daarin om die Woord van God dag en nag te oordink. Hy lees die Bybel gereeld. Sy plek in die kerk is nooit leeg nie.

Omdat Hy kind van God is, lewe hy naby aan God. Hy ken God persoonlik. Hy is lief vir God en vir sy Woord!

Die gelowige boor met sy neus in die Woord van God . . . voortdurend, onophoudelik. Dit word deel van hom. Sy lewe kom in ritme wat die Here in sy Woord neerlê.

Noudat hy die Woord van God ken, en uiteraard die God van die Woord ken, nou is 'n lewe volgens die Woord van God vir hom nie 'n las nie, maar 'n lus; nie 'n remskoen nie, maar 'n uitdaging; nie 'n opoffering nie, maar 'n vreugde.

Jy rig jou lewe nou in soos God dit wil hê, nie omdat jy moet nie, maar omdat jy wil.

GESTALTE

Die gestalte wat die gelowige vertoon, verskil wesenlik van dié van die goddelose.

Ps. 1:3 vergelyk 'n gelowige met 'n boom wat by 'n waterstroom geplant is.

Hierdie boom sal dus nooit enige droogte ly nie. Hy het altyd genoeg voedingstowwe.

Hoe kan dit dan ook anders daaraan toegaan met iemand wat veranker is aan Christus, die fontein van die lewe?

Aan 'n boom wat by 'n waterstroom geplant is, kan jy sien dat hy daar staan. Netso kan jy ook aan die lewe van iemand sien as hy die Woord van God as sy voedingsbodem het.

Eweneens sal jy ook kan sien as iemand nie aan die Woord van God vasgeanker is nie. Hy verdroog. Hy kom nie in die kerk nie. Hy lees nie in die Bybel nie. Sy huwelik is ongelukkig. Hy kan nie in vrede met ander mense lewe nie.

Maar as jy God waarlik dien, sal jy vrugte dra op die regte tyd. Al bly die reën (die voorspoed) weg, die vrugte bly nie weg nie, want sy wortels is op die regte plek.

- Te midde van swaarkry, sal hy vriendelik wees.
- Te midde van pyn, sal daar 'n glimlag kom.

- In teëspoed sal hy geduldig wees.
- In voorspoed sal hy dankbaar wees.

Die ware gelowige se blare verwelk nie. Sy lewe blink. Dit glinster. Hierdie goeie boom gee goeie vrugte — goeie vrugte op sy tyd!

KAF

In skrilte kontras met die lewe van die ware gelowige wat floreer en bloei en blink, en vrugbaar en nuttig en diensbaar is, staan die dooie lewe van die goddelose.

Hy is soos kaf wat deur die wind weggewaai word. Die wind verstrooi die kaf. Dit is asof dit nie bestaan nie.

- Jes. 1:28

Die wat God verlaat, sal omkom.

- Hoe lyk u lewe? Soos kaf, of soos 'n boom by 'n waterstroom? Nader tot God, en Hy sal tot u nader.

Soek Hom, en Hy sal Hom deur u laat vind.

Bou u lewe op sy Woord — en u sal die oordeelsdag met groot verlange tegemoet gaan!

Ds. A. H. Grové.

Dien God met blydskap

Om bly te kán wees, is sekerlik die diepste wens van elke mens . . . om altyd vervul te kan wees met blydskap. Want blydskap . . .

- dit verlig jou gemoed
- dit gee sin aan die lewe.

En weet jy, geagte Leser, nou leef daar in mense se gemoed daardie *valse* voorstelling, (en miskien dink jy ook soms só): Dat om Christen te wees, beteken

- om afgeskeep te wees
- om op die ashoop te sit, want jy mag nie en moet nie
- om met 'n lang gesig rond te loop. Ja . . . mense dink so!:
- die wêreld bied aan die mens oorvloed, en die kerk wintervaalheid
- die wêreld sê: Kom deel en wees bly, en die kerk sê: Bly weg
- die wêreld bied die wyn en pret en lag, en die kerk bied nors en strak 'n oppas-blik

Wat 'n valsheid! Dit kán mos nie! lewers is 'n misverstand! Want dis juis *NIE* die beeld wat die Bybel voorhou nie.

Gaan lees gerus Psalm 100. In vers 2 staan:

"Dien die Here . . .met *blydskap*."
Sien jy! En dan beteken dit hier
dat *iets* 'n christen bly maak — en
hierdie iets is: jou *DIENS* aan God:
Dien die Here met blydskap."

Die ou christelike kerk het hierdie Psalm as môrelied gesing. Ná 'n nagrus ontwaak die digter . . . en hy besef:

- die donker nag met sy gevaar is verby
- en ek leef!
- ek is gesond!
- ek het krag en gesondheid om op te staan.

God gun my nóg 'n dag om te werk en te leef en te geniet! Wat 'n vreugde en blydskap. *Ek* kan God ook vandag *dien* met *blydskap*! Ja, daar is sóveel in die lewe, wat enige mens kán vervul met blydskap . . .wat jou diens aan God 'n vreugde maak.

Maar boweal lê die diepste vreugde in godsdiens daarin — dat jy kan weet en vas kan glo:

Jesus Christus is die *bron* van my vreugde en blydskap. Sy vreugde en blydskap bring 'n *ewigheid* van vreugde . . . *máár*: die vreugde en blydskap wat die sondige wêreld jou bied, hou verderf en hel in!

"Dien die Here met blydskap" ... dit is God se wil in jóú lewe.

Ds. Nico Ligthelm.

Vertrou op God!

(Ps. 42:12)

Depressie en swaarmoedigheid is die siekte van ons tyd. Niemand is onbekend met die emosies van kommer en kwelling en selfs wanhoop nie —

- daardie mistroostigheid en uitsigloosheid wat 'n mens soms in wurggreep vasvang —
- daardie neerdrukkende gevoelens van verwardheid en beklemming en verlatenheid.

Ons is met ons sombere gewaarwordinge nie alleen nie. Die Bybel gee talle voorbeelde van mense — ook geloofshelde — wat met soortgelyke probleme geworstel het.

Die digter van Ps. 42 was een van hulle. Ook hy het die ontwrigtende geloofsonrus en vertwyfeling geken.

Maar ons word aangespreek deur die wyse waarop hy met sy troebele gedagtes omgegaan het.

Hy het nie bly lê in die dieptes van benoudheid en smart waarin hy beland het nie. Hy het homself nie aan selfbejammering en wanhoop prysgegee nie.

Maar hy het voortdurend bly worstel met God. Hy het aangehou om te soek en te bid.

Hy tree met sy eie gemoed in gesprek en vermaan homself:

"Waarom is ek só in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God!"

Die digter van hierdie Psalm bevind hom as gevolg van een of ander omstandigheid in 'n woeste, onherbergsame landstreek, ver van Jerusalem en ver van die heiligdom af, tussen vreemde en vyandiggesinde mense;

- in 'n omgewing waarin hy eensaam was, en beangs, en hom van God verlate gevoel het.

Daar was vir hom geen rus geen vrede geen verposing nie.

Hy sê: "Dag en nag is ek in trane ..."

"Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God." Maar in sy donker dieptes van moedelse vertwyfeling kom hy dan vir 'n oomblik tot stilstand, en kyk na homself, en vra homself af:

"Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so?" Is my gemoedstemming geregverdig? Het ek waarlik rede om só te wanhoop?

In tye van sware beproewing is dit nodig om tot jousef te kom,

- om jousef in oënskou te neem,
- om jousef af te vra:

Waarom staar ek my blind teen my ellende?

Waarom wantrou ek die Here?

Waarom vergeet ek dat ek 'n Vader in die hemel het

- dat daar Vaderoë is wat sien,
- Vaderhande wat dra
- en 'n Vaderhart oor my lot bewoë?

Waarom vergeet ek dat ek gekoop is met die kosbare bloed van Jesus Christus, dat ek vir tyd en ewigheid aan Hom behoort, en dat niks my van Sy liefde kan skei nie?

Vertrou op God!

Want dit is Hy wat my in die verlede so ryklik geseën het!

Dit is Hy wat my tot hiertoe veilig gelei het!

Dit is Hy wat my telkens verkwik uit die ryke bron van sy genade!

Al is my pad nie altyd gelyk en sonder hindernisse nie — die Here waarborg 'n veilige tuiskoms vir elkeen wat in Hom glo, en ewige rus en vrede.

En daarom:

Al word ek hier deur 'n donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied, want ek bly die Heer verwag!

Ds. Pieter van der Walt.

Psalm 16

"Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af."

Die lot van elke mens, lê in die hand van die HERE. — So glo ons!

Niemand kan werklik sê dat hy sy lot, in sy hande hou nie. Niemand is so sterk dat hy kan sê, hy bepaal sy eie lot nie. Nee geagte Leser,

Die HERE bepaal ons lotgevalle elke dag, elke oomblik.

Daarom kan ons in die gerustheid leef.

Die HERE sorg vir my en vir u! Glo u dit!

Die HERE is so in besit van elkeen se lewe dat ons nie anders kan as om met Dawid te getuig —

"HERE, U is my lewe."

Dit beteken dat die Here totaal ons lewe in besit geneem het. Die Here is totaal in beheer van ons lewe. Die dag toe Jesus Christus aan die kruis vir ons gesterf het, het ons sy eiendom geword. As sy eiendom is ons in sy hand, en bepaal hy ons ganse lewe! Hy regeer!

Die vraag kan nou ontstaan dat ons vra: Maar as Jesus Christus as 'n God van liefde ons besit, waarom moet ons dan nog swaarkry, waarom moet ons nog siek word, en selfs sterf!

Dit alles geagte Leser, word gedoen om te kyk of ons werklik nog glo dat ons na die HERE toe kan vlug met al ons probleme!

Glo ons werklik saam met Dawid "Here, U is my lewe, U sorg vir my, wat ek ontvang, kom alles van U af."

Die toets word daagliks aan u en my gestel. Die HERE bepaal ons lot, aanvaar ons dit of glo ons nog in die NOODLOT?

In die noodlot kan ons nie ons vertrou stel nie — dit bestaan nie. In die Here is ons vertrou!

Hy is ons lewe — ook vir u! Hy sorg vir ons — ook vir u!

Alles wat ons ontvang kom van die Here af!

HY REGEER!

Ds. Leo van Schaik.